# 17 Mei 2023 - Lesing 23 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die siel verwissel van blyplek - Die dood van die liggaam – 28/4/57

**No: 6817** Die siel is julle eintlike ek wat onverganklik is en wat slegs van blyplek verwissel by die dood van die liggaam, wat die gang op aarde beëindig het om in ‘n ander sfeer vêrder ryp te word, indien die siel nie volhard het in haar verset teen My nie, daar sy andersins in die diepte sal wegsink. Hierdie gedagte moet julle dus verbly, dat julle geen dood hoef te vrees nie, dat julle sal voortleef ofskoon julle die aarde moet verlaat en dat daardie lewe baie mooier en vreugdevoller is as wat die aardse lewe ooit vir julle kan wees. Julle moet vol goeie hoop die dag tegemoet gaan waarop julle uiterlike omhulsel van julle eintlike ek afgeneem word, waarop al die sware van julle afval en julle julself maklik en onbekommerd kan beweeg en kan opgaan na julle ware vaderland, wat julle waarlik heerlikhede bied wat julle nie vir julleself kan voorstel nie. Julle moet jubel en juig omdat daar vir julle geen dood meer is nie, **omdat julle siel maar net ’n verandering van blyplek ervaar wat haar oneindig sal verbly.**

Waarom vrees julle dus die dood, of gaan julle met ‘n gevoel van onbehae die einde van julle aardse lewe tegemoet? Waarom het die dood vir julle mense ’n verskrikking geword? Waarom maak dit julle angstig, terwyl dit in waarheid slegs ‘n oorgang is na ‘n ander sfeer? Dit is omdat julle onbewustelik voel dat julle nie korrek leef op aarde nie, omdat julle julle siel nie die lig verskaf wat elke vrees van haar sou wegneem nie.

**Want die mens wat My gebooie van die liefde nakom, wat dus volgens My Wil op aarde leef, ervaar geen vrees vir die dood nie.** Hy verlang daarna om sy aardse omhulsel kwyt te raak, omdat hy ’n verlange het na sy ware vaderland. Want die liefde het in hom ’n helder lig ontsteek, sodat hy nou al vooruitsienend weet dat hy homself in My nabyheid sal bevind waar geen smart en pyn of droefheid hom meer kan oorkom nie, waar hy homself geborge voel in My liefde.

En hierdie geluksalige sekerheid sou alle mense kan hê, naamlik dat hulle ‘n moeilike bestaan vol leed by hul afsterwe verwissel vir die geborgenheid, as sy maar net met hierdie doel voor oë haar aardse lewe sou wil aflê, **as sy steeds die innerlike stem sou volg wat aan haar My Wil duidelik te kenne gee**. As sy al op aarde die korrekte verhouding sou wou aangaan met My, haar God en Vader van ewigheid.

Die gedagte dat alles met die liggaamlike dood verby is, is reeds die beste bewys dat die lewenswandel van die mens nie volgens My Wil is nie. Want hierdie gedagte word ingegee deur die vyandige gees wat die mense wil verhinder om tot ware insig te kom en daarom ook die verlange na ’n bestaan vol aardse genot steeds weer vergroot. Want die mense glo nie aan die onverganklikheid van hul ek nie, **hulle stel vir hul siel dieselfde begrensing as wat vir die uiterlike omhulsel bestaan.**

Daarom probeer hulle die aardse lewe voluit te geniet op alle moontlike maniere en hulle dink maar net aan hul liggaam, maar nie aan die siel wat na die liggaamlike dood ‘n baie twyfelagtige lot op haarself moet neem en van die heerlikhede van haar ware vaderland niks kan belewe nie. Want vanweë haar gebrekkige voltooiing, **kan sy in die sfere waar onuitspreeklike salighede op haar wag, nie opgeneem word nie.**

Dit is wel moontlik om haarself vanuit die diepte los te maak en in hoëre sfere binne te gaan, maar dit vereis **baie meer oorwinning en inspanning as op aarde** en kan ook nie sonder hulp geskied nie. Maar ook dan moet die siel self die wil daartoe hê, wat op aarde baie makliker is.

Die ek kan nie vergaan nie, **maar skep self die lot in geluksaligheid of ellende**. Eers wanneer die mens nie sy liggaam as die enigste lewende beskou nie, maar die siel wat in die liggaam woon, as die eintlike ek leer insien, sal hy meer bewus van sy verantwoordelikheid op aarde lewe en **dan ook die dood nie meer vrees**, wat slegs op die aardse liggaam betrekking het, maar nie die inwonende siel nie.

Dan sal sy volgens My Wil lewe en na die uur verlang waarin die siel haarself los mag maak van haar uiterlike omhulsel om die ryk te kan binnegaan wat haar **ware vaderland** is. Amein.